06 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #23

Geliefde Gemeente,

Gister was ‘n goddelike dag.  Weer eens ‘n ingryping:  ‘n geestelike ingryping.

Vandag, is van meet af ‘n uitdaging.  Van vroegoggend, in die geesteswêreld ‘n emosionele uitdaging.  Dit blyk uit die *kaarte* wat die duisternis speel, dat ons aan die verloorkant is.  Gister ‘n dag van hoop, en geloof.  Vandag neerdrukkend.

Wat is egter die maatstaf, die werklikheid, die rede: die doel en die belewenis?

Jesus het verklaar: ***Matt. 6:34*** *"*elke dag het genoeg aan sy eie *kwaad."*

Die Skrif verklaar die volgende:  ***Ps. 90:12 "Leer ons om ons dae so te tel dat ons ‘n wyse hart mag bekom!"***

Vandag is die 11de dag van die inperking.

Ek onthou:  ‘n Maandag in Barkly-Oos – 25 Cole straat – ek was in die bed en *Zink Pyn Specific* kort-kort gedrink – dit was al wat teen die pyn gehelp het.  Ek was toe alreeds ses maande met siek verlof.  Dr. Andries Lombaard – wat nou positief getoets is met die Corona virus – was my huisdokter gewees.  Ek was gediagnoseer met *Radiculitis* – inflammasie van die senuweewortels oor die hele kruis van my rug – ek kon elke been slegs ‘n paar sentimeter vorentoe beweeg, ek kon geen skoenveters vasmaak nie, ek kon nie ‘n broek aantrek nie.  Wat gehelp het, was die infrarooi-lamp waarmee ek my lae rug bestraal het.  Wat die siekte veroorsaak het was ‘n akute prostatitis – ontsteking van die prostaat.

Ek het regop in die bed gesit, en die huishulp was besig om die gang skoon te maak.  Skielik het ek onder die leiding van die Heilige Gees ervaar om my twee hande op my lae rug te lê, en ek het myself hoor verklaar:  ***"In the Name of Jesus be healed."***

Ek het die Bybel geneem en Skrif gevra, en die Skrif wat ek ontvang het was **Matt. 9:22** *"En Jesus het omgedraai en haar gesien en gesê: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. En die vrou het gesond geword van daardie uur af."*  Ek het na ‘n oomblik van stilte opgestaan, voor die bed gestaan en my regterbeen vertikaal in die lug opgeswaai – sonder enige pyn – God het my oombliklik genees. Loof die Vader.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST  0039  SOUTH AFRICA
+27  12  543 0333
+27  12  567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

**"OM ONS DAE SO TE TEL DAT ONS 'N WYSE HART BEKOM."**

Dit is 'n noodsaaklike beginsel, gedurende die verloop van ons lewe:

- Nie om een oomblik te verslap in ons waaksaamheid nie;
- Onder geen omstandighede 'n navolger van ons emosies te wees nie;
- Nie op sigbare tekens en omstandighede te let nie;
- Net ons oë op Jesus te hou, die Voleinder van ons geloof. Te leer: om te luister ***Jes. 55:3*** *"Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe;"*
- Om ons lewe, in absolute gehoorsaamheid in te rig;
- Om versigtig te wees, wanneer dit kom by logika en *gesonde verstand*.
- Te verstaan dat dikwels: is dit, wat by jou in orde is, by God uit orde;
- Om 'n kwaliteitsbesluit te neem: dat God se spesifieke wil vír jou lewe, jou lewensdoel sal wees.

In die lewe moes ek leer, om saam met verkeerde besluite te leef: die droefheid van verkeerde besluite van dié mense wat na aan my was. Betsie Bosman Steynberg was baie lief om te verklaar: ***"Die mens is die argitek van sy eie lewe."***

In die tyd waarin ons nou lewe, moet ons absoluut die beginsel van ***Ps. 90:12****,* van toepassing maak.

Onthou ek bid vir u.

***"Dit is die dag van Jesus die Christus,***
***Dit is die dag van Jesus die Heer,***
***Dit is die dag,***
***Dit is die dag,***
***Dit is die dag van Jesus die Heer. "***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335